**PERSOONLIKE NOTAS**

Het jy jouself al betrap dat jy die onderwerp van vergifnis vermy, dat jy eerder stilbly oor die pyn as om dit werklik in die lig van Christus te bring? Dalk voel jou woede geregverdig, of selfs jou behoefte om terug te slaan en jouself te verdedig.

Maar, liewe Vriende, indien dit so is, leef jy waarskynlik ver benede die oorvloedige lewe wat Jesus Christus deur Sy Kruisiging vir jou moontlik gemaak het.

Want die hart wat aan bitterheid vasklou, kan nie volkome rus in die vryheid van genade nie. Christus het nie gekom sodat ons gevangenes van ons wonde moet bly nie, maar sodat ons in die lig en vrede van Sy lewe kan wandel.

# Lesing 1: Die Krag van Vryspraak en Herstel

*"When I as a believer forgive, I am choosing to cancel the debt that God has already cancelled." – Malcolm Smith*

## Die Gebroke Mensdom

Wanneer ons eerlik rondom ons kyk, sien ons 'n wêreld vol gebrokenheid. Mense leef met wonde wat nie altyd sigbaar is nie. Agter glimlagte skuil daar dikwels teleurstelling, verwerping, bitterheid en pyn. Verhoudings, wat veronderstel is om 'n plek van veiligheid en liefde te wees, word dikwels die bron van diep seerkry.

Ons lewens raak mekaar noodwendig. Ons wandel saam met mense, familie, vriende, huweliksmaats, kinders, kollegas en selfs vreemdelinge. En waar mense mekaar raak, gebeur botsings. Woorde sny. Verwagtings word verbreek en vertroue word verraai.

Daarom is die behoefte aan ware versoening, herstel en vergifnis een van die grootste noodkrete van die mensdom.

Maar die vraag bly: Hoe leef 'n mens werklik vry?

## Die Vryheid waarvoor Christus Gesterf het

Paulus skryf:

Galásiërs 5:1:
*"Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie."*

En verder:

Galásiërs 5:16:
*"Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie."*

Die Skrif praat van 'n werklike, tasbare vryheid, nie bloot 'n leerstelling nie. Tog leef baie weergeborenes steeds soos gevangenes. Hulle dra ou wonde, bitterheid en onvergewensgesindheid soos swaar kettings saam.

Jesus sê:

Johannes 8:32:
*"Julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak."*

Maar waarheid wat nie beoefen word nie, bring geen vryheid nie.

Ware vryheid word sigbaar wanneer ons begin leef vanuit die vergifnis wat Christus reeds aan die Kruis bewerk het.

**Die Bediening van Versoening**

Onder die opskrif A New Life skryf die vertaler van The Message in 2 Korinthiërs 5:14-20 dat Christus nie net gekom het om ons met God te versoen nie, maar om ons ook deel te maak van Sy bediening van versoening.

*"Our firm decision is to work from this focused center: One Man died for everyone. That puts everyone in the same boat. He included everyone in His death so that everyone could also be included in His life, a resurrection life, a far better life than people ever lived on their own. Because of this decision we don't evaluate people by what they have or how they look. We looked at the Messiah that way once and got it all wrong, as you know. We certainly don't look at Him that way anymore. Now we look inside, and what we see is that anyone united with the Messiah gets a fresh start, is created new. The old life is gone; a new life burgeons! Look at it! All this comes from the God who settled the relationship between us and Him, and then called us to settle our relationships with each other. God put the world square with Himself through the Messiah, giving the world a fresh start by offering forgiveness of sins. God has given us the task of telling everyone what He is doing. We're Christ's representatives. God uses us to persuade men and women to drop their differences and enter into God's work of making things right between them. We're speaking for Christ Himself now: Become friends with God; He's already a friend with you."*

Wat beteken dit?

Dit beteken dat die mens wat self genade ontvang het, nou geroep word om daardie selfde genade uit te leef teenoor ander. Christus het die verhouding tussen ons en God herstel, daarom behoort ons ook herstel te bring waar verhoudings gebreek is.

Vergifnis is dus nie 'n emosionele reaksie nie; dit is 'n besluit om saam met God te stem.

Wanneer ons vergewe, kanselleer ons nie bloot iemand se skuld teenoor óns nie, ons stem saam met die Kruis.

**Die Groot Hindernis: Skuldprojeksie**

Daar is egter een groot probleem wat ware vergifnis verhinder: Skuldprojeksie.

Van Adam en Eva af dra die mens 'n ingebore geneigdheid om die skuld op iemand anders te plaas.

**Génesis 3:11–13:**
- Adam blameer Eva.
- Eva blameer die slang.

PERSOONLIKE NOTAS

**PERSOONLIKE NOTAS**

Baie Christene leef soos mense wie se siele verlam geraak het deur die denke van hierdie wêreld, 'n wêreld wat voortdurend verantwoordelikheid ontwyk vir eie gedagtes, woorde en dade. Die stille refrein van die moderne mens is: *"Ek kan myself nie help nie."* En agter daardie woorde skuil daar dikwels 'n gevaarlike traagheid van die hart: 'n lewe wat bloot ronddryf, soos 'n boot sonder roer, heen en weer geslinger deur omstandighede en mense.

In plaas daarvan om met verantwoordelikheid en wysheid op te tree, reageer die mens net op alles wat met hom gebeur. Maar God het ons nie geskape om willose slagoffers van ons emosies of verlede te wees nie; Hy roep ons om deur Sy Gees doelgerig, wakker en verantwoordelik te leef.

Koning Saul doen dieselfde (1 Sam. 15:14-15).

Die mens probeer voortdurend sy optrede regverdig deur na ander te wys.

- *"Ek is so omdat hulle…"*
- *"Ek tree so op omdat…"*

Maar skuldprojeksie is eintlik selfverontskuldiging.

John C. Maxwell sê tereg:

*"The greatest day in your life and mine is when we take total responsibility for our attitudes. That's the day we truly grow up."*

**Drywende kurkprop op 'n onstuimige see**

Om voortdurend die skuld op iemand anders te plaas, is eintlik om jou eie lewe oor te gee in die hande van ander mense se optrede. Dit is asof jy sê: *"Ek het geen beheer oor wie ek is of hoe ek leef nie. Ander mense bepaal my reaksies, my humeur, my besluite en selfs my rigting in die lewe."* So 'n mens dryf uiteindelik soos 'n kurkprop op 'n onstuimige see, rondgeslinger deur emosies, herinneringe en omstandighede, sonder vaste koers of innerlike standvastigheid. Maar die oomblik wanneer 'n mens alle verantwoordelikheid vir sy eie gesindheid ontduik, sluit hy homself toe in 'n gevangenis waarvan die deur van binne gesluit is.

Dawid was juis daarom 'n man na God se hart (Hand. 13:22), nie omdat hy sondeloos was nie, maar omdat hy eerlik was wanneer die lig van God op sy sonde geval het. Toe hy gekonfronteer word met sy owerspel en die dood van Uria, het hy nie verskonings gesoek of ander blameer nie. Hy het nie sy omstandighede, sy familie, Batseba of selfs die duiwel verantwoordelik gehou vir sy optrede nie. Dawid het die pynlike, maar bevrydende waarheid aanvaar: *"Ek het gesondig."*

En dikwels begin ware herstel juis op daardie plek, waar 'n mens ophou wegkruip agter verskonings en eerlik voor God staan.

**Volkome Vryspraak in Christus**

Een van die grootste waarhede wat 'n Christen moet verstaan, is hierdie:

Jy kan slegs werklik in die krag van volkome vryspraak en vergifnis wandel wanneer jy ophou om jou skuld weg te skuif na ander mense, omstandighede of selfs die vyand, en eerlik erken wat in jou eie hart aangaan. Solank 'n mens voortdurend iemand anders verantwoordelik hou vir sy reaksies, bitterheid of verkeerde optrede, bly hy vasgevang in die kettings van die verlede. Maar die oomblik wanneer jy in die lig van God staan en waarheid omhels,

begin ware vryheid deurbreek. En dit is die wonder van die Evangelie: in Christus is jy reeds volkome vrygespreek. Die skuld is betaal, die aanklag stilgemaak en die heerskappy van sonde verbreek. Die vyand mag nog lawaai maak, maar hy regeer nie meer nie, Christus het reeds die oorwinning behaal.

Kolossense 1:13-14, tPt.:
*"He has rescued us completely from the tyrannical rule of darkness and has translated us into the kingdom realm of His Beloved Son. For in the Son all our sins are canceled and we have the release of redemption through His very blood."*

Kolossense 2:20-22, tPt.:
*"For you were included in the death of Christ and have died with Him to the religious system and powers of this world. Don't retreat back to being bullied by the standards and opinions of religion — or example, their strict requirements, 'You can't associate with that person!' or, 'Don't eat that!' or, 'You can't touch that!' These are the doctrines of men and corrupt customs that are worthless to help you spiritually."*

Die vyand heers nie meer oor jou nie. Sonde is nie meer jou meester nie. Maar hierdie vryheid moet nie net ontvang word nie, dit moet ook uitgeleef word.

Om werklik vry te leef moet twee dinge gebeur:

- Jy moet God se volkome vergifnis aanvaar.
- Jy moet ander volkome vergewe.

Markus 11:25:
*"En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe."*

**Die Gevangenis van Onvergewensgesindheid**

Onvergewensgesindheid is 'n vreemde en tragiese tronk, want die gevangene hou dikwels self die sleutel in sy hand sonder om dit te besef. Bitterheid begin stil, soos 'n klein snytjie wat nie genees nie, maar mettertyd bou dit mure om die hart. Die mens dink hy straf die een wat hom seergemaak het, maar in werklikheid drink hy self daagliks die gif van sy eie pyn. Terwyl hy in sy gedagtes gesprekke oor en oor herhaal, homself verdedig, die onreg herleef en selfs denkbeeldige argumente voer, gaan die lewe van die ander persoon dikwels eenvoudig aan. Hulle slaap rustig, lag weer, leef verder, terwyl die onvergewensgesinde persoon innerlik uitgeput raak deur 'n oorlog wat niemand anders meer veg nie.

Onvergewensgesindheid steel stadig maar seker die dinge wat God bedoel het om die siel te voed: vrede, vreugde, sagmoedigheid en rus. Dit maak die hart hard, die gedagtes donker en die gees swaar. Met verloop van tyd begin die wond waarmee jy eens

**PERSOONLIKE NOTAS**

Om te vergewe is een van die hoogste en mooiste uitdrukkings van ware liefde, want vergifnis kies om genade te gee waar pyn en teleurstelling andersins bitterheid sou voortbring.

Die hart wat vergewe, laat die swaar las van wraak, woede en onvergewensgesindheid los, en ontdek dikwels onverwags 'n diep vrede wat nie deur omstandighede bepaal word nie.

Want wanneer 'n mens ander vryspreek, gebeur iets wonderliks binne-in jou eie siel, daar kom rus, vrede en 'n stille vreugde wat die wêreld nie kan gee nie.

## PERSOONLIKE NOTAS

Ons besluit om te vergewe is dikwels die oomblik wanneer ons ophou om in eie krag te probeer oorleef, en begin om die hulp van die Heilige Gees werklik toe te laat.

Vergifnis is nie bloot 'n emosionele oefening of 'n poging om pyn te ignoreer nie; dit is 'n oopmaak van die hart vir God se aktiewe werking binne-in ons. Die oomblik wanneer ons kies om los te laat, roep ons as't ware die Heilige Gees nader om dit in ons te doen wat ons self nie kan doen nie.

Want baie keer wil die vlees vasklou aan die seer, die onreg onthou en die skuld bly uitwys, maar die Gees van God werk altyd in die rigting van herstel, genesing en vryheid.

Ons besluit om te vergewe word dus 'n daad van geloof, 'n verklaring dat ons nie langer deur bitterheid regeer wil word nie, maar deur die liefde en krag van Christus wat in ons woon.

geïdentifiseer het, jou identiteit word. Jy kyk na mense deur die lens van wantroue, reageer vanuit verdediging en verwag pyn selfs waar daar liefde bedoel word. Daarom is vergifnis nie eerstens 'n geskenk aan die ander persoon nie, dit is bevryding vir jou eie hart. Die oomblik wanneer jy vryspreek, ontdek jy dat die tronkdeur lankal oopgestaan het, en dat Christus jou nie geroep het om gevange te leef in die skadu van jou verlede nie, maar om in die lig van Sy vryheid te wandel.

Onvergewensgesindheid verander uiteindelik die mens self. Dit steel vrede, vreugde en rus.

Jy word 'n gevangene van jou eie gedagtes.

**Die Begin van Herstel**

Die uitnodiging van Christus in jou hart is nie die einde van die pad nie, dit is die begin van 'n proses van herstel. Vergifnis beteken nie dat die seer nooit gebeur het nie. Dit beteken dat jy weier om langer deur daardie seer beheer te word. Dit beteken dat jy die skuld loslaat in die hande van God.

Dit beteken dat jy kies om vry te wees.

Romeine 8:37:
*"Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het."*

Filippense 4:13:
*"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."*

**Opsomming**

Vergifnis is nie swakheid nie; dit is die bewys dat Christus sterker is as jou pyn. Die Kruis was God se finale uitspraak oor sonde, skuld en veroordeling. Wanneer jy vergewe, stap jy uit die gevangenis van bitterheid en in die lig van God se vryheid. Jy word nie langer beheer deur wat aan jou gedoen is nie, maar deur die lewe van Christus in jou. Die mens wat werklik vergewe, ontdek iets wonderliks: vryspraak bevry nie net die ander persoon nie, dit bevry jou eie hart.

Wanneer ons die Heilige Gees toegang gee tot die diepste wonde van ons hart, begin Hy stadig maar seker die plekke aanraak wat ons vir jare probeer beskerm het. Hy dwing nie vergifnis af nie; Hy lei ons liefdevol daarin in. Wat eens soos 'n onmoontlike opdrag gevoel het, word mettertyd 'n pad van genesing waarop Christus self saam met ons wandel. Die herinneringe mag dalk nie onmiddellik verdwyn nie, maar die mag wat daardie seer oor jou gehad het, begin breek. Die Heilige Gees verander nie net jou gevoelens teenoor ander nie, Hy herstel jou innerlike mens, sodat vrede weer kan groei waar bitterheid eens gewoon het. Want waar die Gees van die Here is, daar is ware vryheid.

**Besprekingsvrae**

1. Waarom is die behoefte aan vergifnis so groot?

2. Wat beteken Galásiërs 5:1 vir jou?

3. Wat beteken die bediening van versoening vir jou?

4. Wat is skuldprojeksie?

5. Waarom was Dawid 'n man na God se hart?

6. Wat beteken dit om volkome vrygespreek te wees?

7. Wat doen onvergewensgesindheid aan 'n mens?

8. Wat is nodig om werklik vry te leef?

9. Beteken vergifnis dat die seer nie werklik was nie?

10. Wat gebeur wanneer ons vergewe?

**Besprekings Antwoorde**

1. Omdat mense mekaar seermaak, teleurstel en verwond.

2. Christus het ons geroep om in ware geestelike vryheid te leef.

3. Om dieselfde genade wat ons ontvang het aan ander te bewys.

4. Om ander te blameer vir jou eie optrede of toestand.

5. Omdat hy verantwoordelikheid vir sy sonde aanvaar het.

6. Dat Christus die skuld en heerskappy van sonde verbreek het.

7. Dit maak jou ‘n gevangene van bitterheid en wraakgedagtes.

8. Om God se vergifnis te ontvang en ander te vergewe.

9. Nee, dit beteken jy gee die pyn oor aan God.

10. Ons stap in die vryheid en vrede van Christus.